HUISWERKBELEID
GRAAD 5

- Bestee ongeveer ‘n halfuur aan skriftelike tuiswerk en nog ‘n halfuur daagliks aan tafels, spelling en lees.
- Dit is nodig dat die leerders ekstra tyd inruim vir die voorbereiding van assesserings. Die datums vir die assesserings sal op die kwartaalbeplanner vir die graad verskyn.
- Die leerder wat werk mis weens laatkommery, afwesigheid van skool of a.g.v. musiek-lesse, moet die werk tuis inhaal.
- Huiswerk is nie veronderstel om langer as ‘n uur te neem nie. Kontak asseblief die klasonderwyser/es as dit u kind heelwat langer neem om sy/haar tuiswerk te voltooi.
- Die leerders sal ten minste 10 dae voor die tyd weet van ‘n “Oral” of Mondeling.
- Die matrikse vir assesserings sal saam met die taak of opdrag uitgedeel word.
- Alle navorsing moet in die biblioteek of tuis gedoen word.
- Leerders moet voorbereid skool toe kom. Uitsortering en pak van boeke, kunshemde, LO-klere, sporttoerusting en skryfbehoeftes moet saans gedoen word.
- Die huiswerkboeke moet daagliks deur ‘n ouer of voog geteken word, ongeag of die leerder in nasorg is.
- Korrespondensie tussen die ouer en die onderwyser kan via e-pos gedoen word.

Geteken: Datum: 2014-11-12